**DINSDAG 23 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: JOB 1:1-12; ROMEINE 8:31-39**
**FOKUSGEDEELTE: JOB 1:9-12**

**Job – God heers, selfs oor die kwaadwillige werk van Satan**

Die boek Job is vir ons neergeskryf nie om net vir ons te wys hoe goedgelowig Job was nie. Die verhaal van Job leer ons dat die swaarkry wat gelowiges beleef, deel is van ’n groter geestelike stryd. Die stryd waarin ons gewikkel is, is ’n stryd om alles wat ons het en is aan God te onderwerp.

As ons Job 1:8 lees, sien ons hoe die Here die argument oor Job begin het. God vra as’t ware vir Satan: “Ken jy vir Job?” Satan se antwoord laat duidelik blyk dat hy Job al deeglik dopgehou het. Dan maak Satan die voorstel dat God sy *eie hand uitstrek* en alles wat Job het, aantas (1:11).

Dan doen God iets onverwags. Hy gee alles wat Job het, behalwe sy lewe, *in die hand van Satan* oor. Hy stel Satan dus onder sy hand. Satan staan in diens van God. Die uiteinde van die boek wys vir ons: die duiwel stel ’n strik, maar God laat hom self daarin trap.

In blinde haat en begeerte om God verkeerd te bewys, sien Satan nie dat hy *nie* kan wen nie. In verdere hoofstuke sien ons hoe Satan alles van Job wegneem. Tog sien ons: ware geloof is nie afhanklik van omstandighede nie. Job weet sy Verlosser leef (19:25). Job weet dag kom na nag. Sy Verlosser heers, ook oor sy swaarkry. Ook in sy haglike omstandighede word die woorde van Romeine 8:31 waar: “… as God vir ons is, wie kan teen ons wees?”

Dien jy die Here ten spyte van jou omstandighede? Neem jy nog die goeie *en* slegte uit Gods hand aan? Deur jou nood en hartseer maak God jou leeg van jouself, sodat net jou Verlosser oorbly. Jou Verlosser, Christus, wat swaarkry beter ken as wat jy ooit sal.

Bid daarom: “Op U alleen staan my verwagting” (Ps. 31-1:11).

*Sing: Psalm 31-1:1, 4, 7, 15, 19*
*Teologiese Student Marnix Boersema*